# ATKV-betrekkings

## Streeksbestuurder: Takke (Oos-Kaapstreek)

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie met ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as streeksbestuurder: takke vir die Oos-Kaapstreek diens te verrig.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

**Vereistes**

- ’n Tersiêre kwalifikasie met toepaslike ondervinding.
- Sterk bestuurs-, leierskaps- en strategiese eienskappe.
- Goeie taalvaardighede en kommunikasievermoë in Afrikaans en Engels.
- Uitstekende kommunikasie-, fasiliterings-, administratiewe en finansiële vaardighede.
- Goeie menseverhoudinge.
- Ondervinding in gemeenskapsdienste.
- Rekenaarvaardig, met spesifieke verwysing na die Microsoft-produkreeks.
- Gemaklik met die gebruik en bestuur van sosialemediaplatforms.
- Moet ’n eie voertuig en ’n geldige bestuurslisensie hê.
- Moet bereid wees om projekte by te woon, na-ure en naweke te werk, te reis en uitstedig te wees.
- Moet in die betrokke streek gevestig wees.

**Vernaamste verantwoordelikhede**

- Die bestuur en uitbreiding van ATKV-takke en hul effektiwiteit in die streek.
- Hulpverlening en leiding aan takke met die identifisering van gemeenskapsbehoeftes, organisering en uitvoering van impakvolle projekte.
- Verhoog die ATKV se sigbaarheid en impak deur die bou en handhawing van vennootskappe/netwerke in die streek.
- Ondersteuning, motivering, leiding en ontwikkeling van ATKV-takke met hul administrasie en projekte.
- Die bestuur en fasilitering van streeksgebonde taal-, kultuur- en gemeenskapsprojekte.
- Die organisering en fasilitering van streeks- en nasionale taknetwerksessies/byeenkomste.
- Administratiewe, logistieke en statutêre verantwoordelikhede tydens die ATKV se algemene jaarvergadering.
- Die bestuur van ATKV-taklede in die streek se inligting en administrasie op die ATKV se iMIS-databasis.
- Die bestuur van die streek se doelwitte binne die goedgekeurde begroting.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV aan:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125

Sluitingsdatum: **31 Augustus 2026**
Gebruik asseblief **HKTAKKE02** as verwysing.

**Indien jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.**